Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

NUUSBRIEF: 19 9 - 15 Junie 2023

FIKSHIED / VAARDIGHEDE GEDURENDE EKSAMEN

Daar sal Maandag en Donderdag 12:15 – 13:00 fiksheid / vaardighede vir die Gr.4-7 leerders wees. Hulle kan gewone oefenklere saambring en gedurende die 2e pouse aantrek. Dit is nie verpligtend nie, maar sal wel goed wees vir die leerders. Seuns sal saam met mnr Tiaan op die rugbyveld wees en die dogters saam juf Delene/Liané op die netbalbaan wees.

GIMNASTIEK

Baie geluk aan die volgende gimnaste met hul goeie prestasies gedurende die Motheo Kwalifiseringskompetisie op 3 Junie:

- Ryan Shepherd_Vlak 2, 12-16 Jr_Goud
- Frans van der Westhuizen_Vlak 1, 9-10 Jr_Brons
- Hervich Venter_Vlak 1, 9-10 Jr_Brons
- Frené Olwagen_Vlak 2, 11-12 Jr_Goud
- Anika Bester_Vlak 2, 11-12 Jr_Brons
- Christibe de Witt_Vlak 1, 9-10 Jr_Silwer
- Liahmé Williams_Vlak 1, 9-10 Jr_Silwer
- Lea van Jaarsveld_Vlak 1, 7-8 Jr_Brons
- Amoryn Bloem_Vlak 1, 7-8 Jr_Silwer
- Linicke Jacobs_Vlak 1, 7-8 Jr_Brons
- Christél Heckroodt_Vlak 1, 7-8 Jr_Goud
- Zarah Faber_Vlak 1, 7-8 Jr_Silwer
- Jumari du Toit_Vlak 1, 7-8 Jr_Silwer

Sterkte aan die gimnaste wat weer op 23 & 24 Junie gaan deelneem aan die Vrystaat Zone Fees.

JAKKIE LEMOEN-PROJEK

Elke leerder ontvang ‘n bestelvorm vir die bestel van sakkies lemoene @R20 per 7kg sakkie. Heerlike soet lemoene vanaf Kirkwood. Leerders/ouers kan die sakkies lemoene Donderdag, 15 Junie kom afhaal by die rugbyveld. Indien u baie bestel kan julle inry en dit kom laai. Bestelvorms moet asseblief teen Maandag, 11 Junie terug wees by Liané saam met die kontant. Geen EFT oorbetalings nie asseblief.

REDENAARSUITSLAE
Baie geluk aan die volgende Junior Redenaarwenners:

- Hanru Okes – 1'ste
- Christibe de Witt – 2'de
- Leané van Wyk – 3'de
- Liahmé Williams – 4'de

Baie geluk aan die volgende Senior Redenaars wat deur is na die finaal:

- **Gr.4:** Nihan Badenhorst, Kylie Ceronio, Deidré Cloete, Louw de Lange, Hervich Venter
- **Gr.5:** Ruben Bann, Rauch Burger, Elri de Wet, Wynand du Plessis
- **Gr.6:** Claire Combrink, Elri de Waal, Simon de Witt, Gaynor Speek, Madré vd Merwe
- **Gr.7:** Alison Nolan, Luhan vd Linden, GJ van Wyk, Richan Venter

SOP EN BROODJIES VIR JEUGDAG
Die Gr.7's maak elke jaar vir ons eie leerders sop met Jeugdag. Ons wil graag hierdie jaar weer die leerders bederf. Indien u groente, vleis, soppoeier, pasta, ens wil stuur, sal ons dit baie waardeer. Hulle maak sop op Woensdag, 14 Junie. U kan die bestanddele stuur voor dit.

VERGADERINGS:
Hiermee geskied kennis van die volgende vergaderings op Maandag, 12 Junie:

- Koshuiskomitee: 8:00
- Finansiëlekomitee: 11:30
- Beheerliggaam: 13:05

KAREEHOF KOSHUIS
Koshuisfooie moet asseblief op datum betaal wees. Kinders wie se gelde agterstallig is, sal nie weer in die koshuis toegelaat word nie.

BYBELVASVRA
Baie geluk aan die volgende leerders wat ingesluit is in die Bybelvasvraspan vir 2023:

- Aidan Brooks
- Ella du Toit
- Phil Snyman
- Simon de Witt

LANDBOUDAL TOELATINGSVORMS
Die Graad 7 leerders het almal toelatingsvorms vir Landboudal ontvang. Ouers wat hul kinders Landboudal toe gaan stuur volgende jaar, kan dit voltooi en terugstuur na Jakkies toe, ons sal dit Landboudal toe neem.

WORSIE-OP-'N-STOKKIEDAG / HOT CHOCOLATE
Vanaf Maandag, 12 Junie, sal daar gedurende pouse Hot Chocolate verkoop word teen R15.
Op Dinsdag, 13 Junie, word daar Worsie-op-'n-stokkie verkoop. Leerders word aangemoedig om 'n geldjie skool toe te bring.

…….....
T.E. MOSTERT
Waarnemende Skoolhoof

GEBEDSLYS:

Al ons siek kinders en personeel
Ons leerders wat voorberei vir die eksamen
Anneli van der Westhuizen (Dogter trou)

Annie's

Alle Naaldwerk & Herstelwerk

annekesmitt@gmail.com

083 260 4238

Father's Day

18 June 2023

Menu

Starter

Vegetable Soup
Marrow Bones
on Homemade
Bread

Main Meal

Leg of Lamb
"Ask for more" Chicken
Spicy Rice | Risotto
Sweet Potato in
Caramel Sauce
Roasted Vegetables
Baby Potatoes in Garlic
Butter

Dessert

Roly Poly
Pudding with
Custard
Creme Brûlèe

R200 P|P

JACOBSDAL
INN

Diskonto Boeke kom besoek

LAERSKOOL JACOBSDAL

Jy is uitgenooi

Uitstalling Tye 2023:

12 Junie [10:00 - 15:30]

13 Junie [07:15 - 14:00]

*** Alle ouers is welkom ***

Kontant & Kaarte word aanvaar

Vir meer inligting kontak

Johan - 082 574 3926

www.diskontobooks.co.za